25. Paulus getuig onder die heidene

Handelinge 13 tot Handelinge 15: 35

Paulus verkondig die evangelie in heidense lande

Die apostel Paulus voer in gehoorsaamheid sy roeping uit deur as werktuig in diens van God op te tree. Hierdie hoofstuk fokus op:

- Die woord van die Here is lewend en bring daarom skeiding tussen gelowiges en ongelowiges.
- Die evangelie is vir mense uit alle volke en tale.
- Christene het die opdrag om op mekaar se doen en late te let.

Die gemeente van Antiochië

Die gemeente van Antiochië was die eerste waarin sekere kenmerkende karaktertrekke van die kerk van Christus tot ontplooiing kom. Die gemeente sien hom as deel van die kerk van Christus en besef sy verantwoordelikheid teenoor die wêreld waarin hy staan. As gevolg hiervan het hierdie gemeente 'n baie belangrike taak in die voortgang van die evangelie vervul, en trouens in die geskiedenis van die Christelike kerk.

By 'n samekoms van die profete en leraars maak die Heilige Gees dit aan hulle duidelik dat hulle Barnabas en Paulus moet afsonder "vir die werk waarvoor God hulle geroep het." Wat daardie werk is, word nie gesê nie, maar almal begryp dit. Die woord wat die Here aan Ananias meegedeel het naamlik dat Paulus sy uitverkore werktuig is, gaan in vervulling[183]. Later is hierdie goddelike roeping aan Paulus self bevestig in die tempel in Jerusalem[184]. In Antiochië het die tyd nou aangebreek dat die roeping tot uitvoer gebring word.

Die opdrag dat twee sulke waardevolle manne afgestaan moet word, beteken vir die gemeente 'n baie groot opoffering. Hulle is diep onder die indruk en besef hoe belangrik dit is om manne na heidense lande uit te stuur. Daarom

183 Hand. 9: 15 Maar die Here sê vir hom: Gaan, want hy is vir My 'n uitverkore werktuig om my Naam te dra voor nasies en konings en die kinders van Israel.

184 Hand. 22: 21 En Hy het vir my gesê: Gaan heen, want Ek sal jou ver wegstuur na die gewone heidene.

vas en bid hulle en stuur Barnabas en Paulus weg vir hulle besonderse dienswerk deur die oplegging van hande. Op hierdie wyse maak hulle die twee manne vry om te gaan waarheen die Gees hulle sal lei.

Paulus en Barnabas se eerste sendingreis

Onder die leiding van die Heilige Gees gaan Barnabas en Paulus van Antiochië na die hawe Seleucië, vanwaar hulle na die eiland Ciprus vaar. Die neef van Barnabas, Johannes Markus, gaan saam met hulle. Hulle besluit om na Ciprus te gaan omdat Barnabas daarvandaan kom en dus aan hom bekend is. Hulle het ook geweet dat Jode wat gelowig geword het en uit Jerusalem moes vlug, reeds op die eiland begin het om die evangelie te verkondig.

Daar aangekom, werp hul prediking in die sinagoge geen vrugte af nie. Joodse haat en Romeinse afgodediens verkies liewer die duisternis. Hulle stap meer as 160 kilometer oor die eiland en bereik Pafos. Hier preek hulle in die sinagoge, maar ondervind teenstand van Elimas, die towenaar. Die Romeinse goewerneur, Sergius Paulus, ontvang hul boodskap egter gelowig.

Die drie manne reis per skip van Pafos na Perge en Pamfilie. Hulle wil die blye boodskap na die binneland van Klein-Asië bring. Die reis is baie moeilik. Hulle moet oor die Taurusgebergte gaan. Dit skrik Markus af en hy draai om. Paulus is baie teleurgesteld.

Antiochië, Ikonium, Likaonie en Derbe

Antiochië lê aan die hoofweg van Tarsus af na Efese. Op die Sabbatdag preek hulle vir die Jode in die sinagoge. Baie mense kom tot bekering. Die heidene kom smeek hulle om hul die volgende dag toe te spreek. Vir Paulus het dit alreeds duidelik geword dat die prediking van Jesus sekere beginsels inhou wat die Christendom bestempel as 'n wêreldgodsdiens en nie vir die Jode is nie. Vyandiggesinde Jode wat jaloers en afgunstig is wek oproer onder die mense. Paulus verklaar daarop dat hy die evangelie aan die heidene gaan verkondig.

Die oproer brei uit. Die Jode hits die vernaamste inwoners van die stad teen Paulus en die wat saam met hom is, op en dryf hulle uit die stad. Hulle skud die stof van hulle voete en vertrek na Ikonium wat tagtig kilometer verder lê. Hulle prediking in die sinagoge laat 'n menigte Jode en Grieke gelowig word. Maar ook hier ervaar hulle teenstand. Paulus en sy metgeselle loop die gevaar om gestenig te word. Hulle vlug uit die stad na die landstreek Likaonie.

Hier is geen sinagoge nie, slegs 'n heidense tempel van Zeus. Paulus preek en hy genees 'n kreupele. Die wonder gryp die skare aan. Hulle glo Barnabas is Jupiter en Paulus Mercurius en wil aan hulle offers bring. Met moeite probeer hulle aan die inwoners van Listre verduidelik dat hulle nie gode is nie. Intussen kom daar Jode van Antiochië en Ikonium wat die mense van Listre teen Paulus opsteek. Hy word gestenig en buite die stad gesleep, onder die indruk dat hy dood is. Die dissipels staan rondom hom, maar Paulus leef en staan weer op. Die volgende dag loop hulle na Derbe. Hier verkondig hulle die evangelie en kry 'n aantal dissipels by. In Derbe besluit hulle om op dieselfde roete terug te gaan. Die gelowiges moet versterk word. Ouderlinge moet ook in elke gemeente gekies word.

Terug in Antiochië

Na 'n afwesigheid van twee jaar kom Paulus en Barnabas weer in Antiochië. Hulle deel die gemeente van Antiochië mee dat hulle heidene ook toegelaat het tot die Christelike gemeente sonder dat hulle voldoen het aan al die Mosaïese Wette. Hieroor was sommige mense ontevrede, want hulle leer vir die heidene dat hulle die Wette van Moses, soos die besnydenis, moet onderhou, anders kan hulle nie gered word nie.

Paulus en Barnabas sê dat die mense uit Judea verkeerd is en 'n woordewisseling ontstaan. Die gemeente kon nie tot eenstemmigheid en klaarheid kom nie. Paulus en Barnabas word afgevaardig om na Jerusalem te gaan om hierdie vraagstuk saam met die owerstes van die Christelike kerk te bespreek.

Die eerste vergadering in Jerusalem

Nadat hulle in Jerusalem aangekom het, vertel hulle aan die gemeente, apostels en ouderlinge oor die heidene wat op hulle eerste sendingreis tot bekering gekom het. Gelowiges wat eers Fariseërs was sê dat hulle eers aan Moses se wette moet voldoen en hulle laat besny voordat hulle in die kerk opgeneem kan word. 'n Vergadering word toe belê om hierdie saak deeglik te ondersoek. Nadat Paulus sy standpunt gestel het, het weer 'n woordewisseling ontstaan. Petrus gryp in en verduidelik dat hy die evangelie aan die heidene verkondig het en dat hulle dit aanvaar het. "Waarom," vra hy, "wil julle nou 'n juk op die heidene lê wat die Joodse volk nie eens in staat was om te dra nie?"

Nadat Paulus en Barnabas opnuut hulle standpunt gestel het, spreek Jakobus die vergadering toe. Hy versoek die vergadering om dit nie te moeilik vir die heidene te maak nie. Tog wil Jakobus ook die ontevredenes gerus stel en stel daarom voor dat 'n brief aan die gelowige heidene gestuur word om hulle vermaan om hulle te onthou van afgodsoffers, van bloed van wat verwurg is en van 'n onsedelike lewe. Dit is nie vir bekeerdes nodig om te hou by Joodse gebruike en besny te word nie. Die voorstel is aanvaar en daar word besluit om manne te kies wat saam met Paulus en Barnabas moet gaan om die besluit te verduidelik.

Die brief is opgestel. Judas, met die bynaam van Barsabas, en Silas, is afgevaardig om saam met Paulus en Barnabas terug te keer na Antiochië om verslag te doen van die besluit van hierdie eerste belangrike kerkvergadering. Na hulle aankoms in Antiochië is die brief afgelewer en aan die gemeente voorgelees. Die gelowiges was baie bly oor die boodskap. Slegs Judas keer na Jerusalem terug aangesien Silas verkies om daar te bly. Tussen hom en Paulus ontstaan 'n hegte vriendskap.

Petrus in Antiochië

Nie lank na die vergadering in Jerusalem nie, vind 'n onaangename gebeurtenis in Antiochië plaas. Lukas verwys nie in Handelinge daarna nie, maar Paulus verwys daarna in sy Brief aan die Galasiërs. Petrus wat die opdrag gekry het om die evangelie aan die Jode te bring, laat die gemeente in Jerusalem in die hande van Jakobus terwyl hyself reise onderneem om sendingwerk te doen. Hy besoek Antiochië en vereenselwig hom met die leefwyse van die gemeente. Bekeerlinge uit die Jodedom en uit die heidendom het hier 'n hartlike eenheid gevorm.

Die Judaïste is nog daar maar het nie 'n groot invloed nie, veral nadat die vraag oor die besnydenis in Jerusalem beantwoord is. Petrus neem sonder beswaar deel aan maaltye in die huise van Christene uit die heidendom. Uit Jerusalem daag besoekers op wat vurige ondersteuners van Jakobus is. Dit blyk dat Jakobus wat by die vergadering in Jerusalem verstandig opgetree het, in sy hart oortuig was van die standpunt dat die eise van die wet gehandhaaf moes word.

Toe hierdie mense, wat simpatiek teenoor die Judaïste is, in Antiochië aankom, trek Petrus hom terug van die bekeerlinge uit die heidendom en bly eenkant om net met die Joodse Christene om te gaan. Dit is verkeerd van hom aangesien die Here hom in Cesarea tot beter insigte gebring het. Sy

voorbeeld werk aansteeklik en selfs Barnabas, wat so bewus is van God se genade vir die heidene, laat hom verlei en volg Petrus se voorbeeld.

Paulus wys Petrus tereg

Maar Paulus kan dit nie toelaat nie. Hy weet dat dit die gemeente sal verdeel en dat dit in stryd is met wat onder die leiding van die Heilige Gees in Jerusalem besluit is. Daarom roep hy 'n gemeentevergadering byeen waar hy Petrus teregwys[185].

Paulus het, beter as die ouer apostel, die betekenis van die sterwe en opstanding van Christus begryp. Hy verstaan dat dit die einde beteken van die seremoniële wette en dat redding alleen uit genade geskied, op grond van die geloof in die Naam van Jesus. Wie hier enigiets wil byvoeg, doen afbreuk aan die genoegsaamheid van die bloed van die Here.

In heilige oortuiging stel Paulus sy saak. Hy huiwer nie om selfs so 'n hooggeëerde apostel as Petrus te berispe nie.

Wat die afloop van hierdie gebeurtenis is, word ons nie vertel nie. Ons kan aflei dat Paulus se standpunt gehandhaaf is. Die verskil van mening lei nie tot verwydering en kwaai vriendskap tussen die twee apostels nie. Barnabas gaan voort om hartlik met Paulus saam te werk, en Petrus vertrek uit Antiochië as Paulus se vriend. Of hierdie twee apostels mekaar ooit weer gesien het, word nie gesê nie. Dit is moontlik dat Paulus tydens 'n besoek in Jerusalem Petrus weer gesien het. Volgens 'n oorlewering was hulle ook saam in Rome, waar beide gesterf het.

185 Gal. 2: 14 Maar toe ek sien dat hulle nie reguit loop volgens die waarheid van die evangelie nie, het ek vir Petrus in teenwoordigheid van almal gesê: As jy wat 'n Jood is, soos 'n heiden lewe en nie soos 'n Jood nie, waarom dwing jy die heidene om soos Jode te lewe?

Aanbevole leesstukke:

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok. 414 - 433 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 432 - 443 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 716 - 727 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron: Nieuwe Testament deel II. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 643 - 656 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 4: Mattheus - Openbaring. Pretoria: Sola Scriptura Instituut. 99 - 102 p.